Nuusbrief 183

7 Februarie 2013

Beste Lede,

IN MEMORIAM

Dit is met groot hartseer dat ons die lede moet inlig van die afsterwe van Dan Peoples van Pull Scar Timbers in Mpumalanga. Ons gedagtes en gebede is met Dan se familie, vriende en kollegas in hierdie tyd van rou.

KENNIS VAN STREEKSVERGADERINGS

Daar is 'n paar belangrike sake wat ons met ons lede wil bespreek. Gevolglik is daar besluit om reeds vroeg in die jaar met streeksvergaderings te begin.

KZN	**25 Februarie 2013**	**Ascot Conference Centre 217 Woodhouse Weg Scottsville, Pietermaritzburg**
SUID en OOS KAAP - GEORGE	**27 Februarie 2013**	**Pine Lodge Hoek van Saasveld en Knysna weg, George**
WES KAAP - STELLENBOSCH	**1 Maart 2013**	**Houtkunde Department Universiteit van Stellenbosch**
GAUTENG	**5 Maart 2013**	**Shumba Valley Lodge Pelindaba Weg, Lanseria**
MPUMALANGA	**6 Maart 2013**	**Badplaas Forever Resort Hotel & Conference Centre**
LIMPOPO	**8 Maart 2013**	**Fair View Lodge - Tzaneen**

AL DIE VERGADERINGS BEGIN OM 10H00

Vir ete- en sitplekreëlings word u versoek om asseblief vir Sue by 011 974 1061
of sawpa@global.co.za te kontak en te bevestig of u sal bywoon of nie.

Agenda sal binnekort volg.

SANS 1288 Ed3.3:2012 – Preservative-treated timber

Ons wil graag ons lede inlig dat SANS 1288 Ed3.3:2012 (i.e. wysiging 3) goedgekeur, gepubliseer en beskikbaar is indien u dit sou wou aankoop by die SABS-Standaardedepartment.

Die volgende is 'n uittreksel van die wysiging. *Gewysig om standaarde verwysings op te dateer, die definisie vir "general purpose pole" te wysig na "non-structural pole", die vereistes van voginhoud voor verduursaming te wysig, die diepte vereistes van verduursamingsmiddel se penetrasie in saphout te wysig, tabelle 1, 2 en 3 op te dateer, en 'n nuwe tabel t.o.v. verduursaamde ronde hardehout produkte in te sluit sowel as voorsiening te maak vir ronde sparre.*

Dit is 'n vereiste dat alle aanlegte wat vir SANS 1288 gesertifiseer is 'n oorspronklike afskrif moet bekom om aan die vereistes van die Nasionale Standaard so wel as die sertifiseringsvoorwaardes te voldoen wat in werking tree op datum van publikasie.

Die standaard kan of aanlyn by https://www.sabs.co.za/index.php?page=standardspurchase of by sales@sabs.co.za of 012 428 6883 aangekoop word.

KWELLINGE RAKENDE PRODUK-SERTIFISERINGSAANGELEENTHEDE

SAWPA wil graag ons lede aanraai om die vrymoedigheid te hê om direk met die bestuur van die onderskeie sertifiseringsliggame te skakel oor kwellinge t.o.v. sertifiseringsaangeleenthede, bv., dienslewering, produkvoldoening, oudit- en inspeksiebevindinge, ens., wat nie voldoende met die aangewese streekinspekteur opgelos of vrylik bespreek kan word nie. Lede word ook daaraan herinner dat u 'n vennoot in die sertifiseringsooreenkoms is en daarom 'n verantwoordelikheid deel om te verseker dat daar aan die permitvoorwaardes voldoen word.

"TIMBER TALKS" BY WOODEX FOR AFRICA 2013 – VERSOEK VIR AANBIEDINGE

Lede van die houtbedryf word genooi om onderwerpe asook voorstelle vir sprekers in te dien vir die "Timber Talks" wat gedurende WoodEX for Africa 2013, by Gallagher Konvensie Sentrum van 21 tot 23 Maart 2013 aangebied word. As 'n eerste vir WoodEX 2013 is die "Timber Talks" 'n aantal kort aanbiedinge wat binne en tydens die WoodEX-uitstalling sal plaasvind, en wat 'n dinamiese en interaktiewe leerervaring aan besoekers sowel as uitstallers by die expo sal bied.

Die organiseerders van WoodEX soek na hoog aangeskrewe sprekers wat die estetiese, kommersiële en tegniese moontlikhede van hout kan oordra. "Timber Talks" bied die besoekers die geleentheid om op datum te bly met die nuutste verwikkelinge in die bedryf. Indien u 'n innoverende produk het of van die nuutste tegnologiese metodes gebruik maak, sal hulle graag van u wil hoor. Die "Timber Talk"-program sal bestaan uit tydgleuwe van 20 minute vir aanbiedinge, en van die lys van voorstelle ontvang sal 'n verskeidenheid onderwerpe en sprekers geselekteer en genooi word om die Timber Talk verhoog te deel.

Belangstellendes moet 'n kort beskrywing van die onderwerp, sowel as die voorgestelde spreker, teen 28 Februarie 2013 na info@woodexforafrica.com toe stuur.

Die WoodEX for Africa-uitstalling sluit in uitstallers wat hulle innoverende hout- en houtwerkprodukte en dienste soos houtwerkmasjinerie, dekke, vloere, strukturele houtprodukte, houtbehandeling en verduursaming, saagmeulwerk en velling, pulp en papiervervaardiging sowel as ander houtmateriale en veneer produksie insluit.

Vir meer inligting oor WoodEX for Africa 2013, insluitend uitstalpakkette en borgskapmoontlikhede, besoek die WoodEX webtuiste by **www.woodexforafrica.com.**

KLAAGBRIEWE OOR KCA EINDGEBRUIKE

Ons wil graag dit ook graag onder die aandag van ons lede bring dat daar verskeie hoog emosionele klaagbriewe deur 'n spesifieke individu aan verskeie regeringsdepartemente en ander hoëprofiel- organisasies gerig is rakende die gevare van KCA-behandelde hout in sekere eindgebruike. 'n Taakgroep is saamgestel om die briewe te ondersoek en 'n respons saam te stel vir aandag aan die Registrateur van Wet 36 van 1947. Die dienste van 'n spesialiskonsultant is ook bekom om ons te help in die verband. Uit die aard van die sensitiwiteit van die saak wil ons die lede versoek om die komende streeksvergaderings by te woon waar ons dan ook meer besonderhede sal deurgee t.o.v. die briewe, aksies en besluite tot dusver geneem, asook om die aangeleentheid eerstehands met die lede te bespreek en hulle insette en opinies/ ondersteuning te kry vir toekomstige beplande aksies.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Desember en Januarie was onderskeidelik 35 258 en 44 897.
- 'n Artikel genaamd **'Occurrence of CCA-treated timber in caterers' fuelwood stocks in the Cape Town region** is onlangs in die "South African Journal of Science" gepubliseer. Lede wat belangstel om die artikel te lees kan die voorafgenoemde skakel besoek of vir SAWPA te kontak vir 'n afskrif van die artikel.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.